

Vrydag 13 November

Skrifgedeelte: Daniël 9:1-19

Fokusgedeelte: Daniël 9:19

In gebed maak ons God se saak ons saak!

Gereeld hoor ons die oproep dat ons moet bid!

- Die droogte en waterskaarste laat mense uitroep – ons moet bid!
- Die onrus en betogings met die gepaardgaande geweld laat mense uitroep – ons moet bid!
- Die misdaad en plaasmoorde laat mense uitroep – ons moet bid!

Met elke oproep tot gebed het ons elkeen geweet waarvoor ons moet bid! Wat is die diepste rede van die gebede? Dat ons weer rustig en kalm kan wees en die lewe vir ons in die sonnige Suid-Afrika weer lekker kan wees!

Kom ons kyk na Daniël se gebed. Uit vorige hoofstukke weet ons dat Daniël self 'n ywerige bidder was. Hy het elke dag drie maal tot God gebed. In sy intieme verhouding met die Here het hy die Woord van God voortdurend gelees. In die profeet Jeremia het hy gelees dat die ballingskap 70 jaar sou duur. Hy het geweet dat verlossing voor die deur is. Sommige sou hulle tasse gaan pak, maar Daniël word gedring om te bid. Hy bid 'n hartroerende gebed om vergifnis. Hy pleit vir sy volk: hulle is skuldig, hy is skuldig ... die Here is reg en regverdig, daarom vra hy om vergifnis. Namens almal!

Uit die Woord weet hy God gaan verlos. Maar hy weet dit gaan nie oor hulle nie. Dit gaan oor God en sy heilige Naam en sy regverdigheid, asook sy verhouding met sy volk. Hartgrondige belydenis van sonde is gepas wanneer dit oor God se saak gaan. En dan die gebed dat Hy sal doen wat Hy belowe. Daarom smeek hy dringend: Here, dink aan u belofte en doen dit gou, nie ter wille van Israel nie, maar om u ontwil.

So het Christus ook God se saak sy saak gemaak toe hy gebed het: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie ...” en ons sondes op Hom geneem en aan die kruis daarvoor betaal en ons vrygemaak. As Middelaar het Hy ons sondaars se saak syne gemaak en versoening bewerk.

Mag die Heilige Gees ons nou dring om God se saak ons saak te maak wanneer ons bid: “Kom Here Jesus, ja kom gou!”

Sing: Psalm 31-2:1, 2, 7

Ds. E Naudé (Emile) (Boksburg-Suid)